

HAGGADAH

Hierdie dag moet vir julle ’n gedenkdag wees. Julle moet dit as ’n fees tot eer van die Here vier. Vir julle nageslag moet dit ’n vaste instelling wees wat hulle moet vier. Eksodus 12:14

Vooraf-Reëlings en Riglyne vir die Paasmaal

Datum: Donderdagaand voor Goeie Vrydag.

Spyskaart:
voorgereg: pietabrode saam met tzaziki (jogurt met kruisement of kruiemengsel en gesnipperde komkommer) en ’n mengelslaai.
hoofgereg: lamsvleis en groente.
nagereg: vrugteslaai

Tafel(s) Plaas op die tafel(s), nadat dit soos gewoonlik gedek is:

1 Die sederbord / feesbord ('n groterige, spoggerige bord) met die volgende daarop:
1.1 matzoh (ongesuurde brood),
1.2 die been van die skaapboud of –blad,
1.3 soutwater in 'n klein bakkie,
1.4 maror (ui of peperwortel) in 'n bakkie,
1.5 'n gekookte eier,
1.6 charoset (gerasperde appel gemeng met kaneel) in 'n bakkie,
1.7 karpas (seldery of pietersielie) in 'n bakkie.

2 Drie ongesuurde brode, twee langs mekaar en die derde een rus in die middel op die onderste twee brode (Pick 'n Pay verkoop ongesuurde kraakbeskuitjies).

3 'n Bakkie water en handdoekie by die gasheer se sitplek.

4 'n Ekstra servet by die gasheer se plek sodat hy die gebreekte brood daarin kan “versteek”.

5 Dek ‘n kleiner glasie (vir die seremoniële glasies wyn) by elkeen se sitplek. Hierdie glas kan in 'n pierinkie staan, want daar word op 'n stadium wyn uit hierdie glasies gedrup en dit kan die tafeldoek beskadig.

6 Die program (haggadah) by elke feesganger/gas se sitplek.

7 Kerse in kershouers sodat elke gas 'n kers kan aansteek.

Rolverdeling: Wys 'n persoon aan om die vetgedrukte gedeeltes by elk van die volgende te lees:
1 Gasheer
2 Gasvrou
3 Voorbidder 1
4 Voorbidder 2
5 Kind (daar kan vier aangewys word)

Die bronne wat gebruik is vir die samestelling van hierdie program:

Liedboek van die Kerk. NG Kerk uitgewers, 2001.
Lipis, Joan R. Celebrate Passover Haggadah, a Christian Presentation of the Traditional Jewish Festival. Purple pomegranate Productions, 1993.
Rosen, Ceil and Moishe. Christ in the Passover, why is this night different? Moody Press, 1978.

HAGGADAH / PROGRAM

Almal staan

Gasheer: **Vir eeue al word die Here se redding van die Israeliete deur die uittog uit Egipte en hul bevryding van slawerny volgens die voorskrifte in die Bybel op hierdie aand gevier. Ons volg vanaand in Jesus se voetspore. Die aand voor sy kruisiging het Hy en sy dissipels ook die Pasga gevier. Die huis is vooraf deeglik skoongemaak en alle gismiddels is verwyder.** (BEDIKAT CHAMETZ) (1 Kor.5: 6-7) **Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg deurtrek nie? Verwyder dan die ou suurdeeg, sodat julle nuwe, ongesuurde deeg kan wees…**

Elkeen: Steek 'n kers aan en neem dan plekke in aan tafel.

Gasvrou: Seën oor die kerse. (BIRKAT HA-NER). **O Here, gebruik ons om die Woord en U lig die wêreld in te dra. Gebruik ons om te heel en nie seer te maak nie; om te help en nie te hinder nie; te seën en nie te vervloek nie; om God, ons Rots en Verlosser, te loof. Amen.**

Almal:

Lied 184
Lofsing die Here, die Ewige, sing tot sy ere!
Lofsing die Koning, die Skepper, die Vader, die Here!
Loof almal saam; groot is sy heilige Naam!
Loof Hom, die Heer van die here!

Lofsing die Here, ja, almal kom loof nou die Here!
Alles wat asem het, hier tot in tydlose sfere!
Hy is die Lig; ons oog bly op Hom gerig:
Hy is die Heer van die here!

Voorbidder 1 **O God, ons erken U as die bron van alles wat ons het en is. Ons het hierdie aand uitgesonder om U magtige dade in herinnering te roep omdat U ons onderhou en beskerm. U het Uself gegee aan almal wat in U glo. Ons rus in U liefde, U almag, U oordeel en U verlossing. Ons bely ons geloof in U, soos ons voorgeslagte voor ons. Ons verheug ons in Jesus, U Seun wat die wêreld bevry het van die sondemag, onkunde en afgodediens. Amen.**

Voorbidder 2 Heiliging van die maaltyd (KADDESH) **Hemelse Vader, ons bid om u seën by hierdie baie spesiale feesmaal. Maak ons bewus daarvan dat U reeds duisende jare gelede hierdie selfde voorskrifte vir die Pasga gebruik het om heen te wys na die Lam van God wat vir ons sondes geslag sou word. Open opnuut ons geloofsoë om die wonderwerk van U genade hierin raak te sien en daardeur in ons eie geloof versterk te word. Seën ons nou by die eet van die voedsel, maar versadig ons ook met 'n rykheid van insig. Om u Naam ontwil. Amen.**

Elkeen Skink eerste glas en stel heildronk in: **Verheerlik die Here!** Ledig die glas.

Gasheer (URCHATZ). **Nou was ek slegs simbolies my hande, maar Jesus het selfs almal se voete gewas.** Was sy hande.

Gasheer: **Daar is drie stukke ongesuurde brood wat op mekaar rus. Die volgende interpretasies kan hieraan geheg word: Priesters, Leviete en die volk OF Abraham, Izak en Jakob OF Vader, Seun en Heilige Gees. Die middelste stuk brood word gebreek en die kleiner stuk word teruggeplaas tussen die twee ander stukke.**

Breek die middelste matzoh /ongesuurde brood (YACHATZ). Hierdie afikoman word weggesteek in 'n servet. (Christus **in** die graf).

Gasheer: **Ons gaan nou die Eksodus-verhaal beleef** (MAGGID) **in opdrag van die Here (Eksodus 12:26 - 27) om die verhaal 'n werklikheid in elkeen se lewe te maak - nie net 'n vae, fabelagtige, Ou-testamentiese verhaal nie. Ons moet vanaand die gebeure aan eie lyf ervaar (met ons sintuie) en daarmee identifiseer.**

Tradisioneel word vier vrae gestel om hierdie aand te onderskei van ander aande.

Kind: **Hoekom eet ons vanaand ongesuurde brood?**

Gasheer: **God se verlossing was spoedig - daar was nie tyd vir die brood om te rys nie (in daardie dae het dit ongeveer 18 uur geneem). Omdat die brood nie gis bevat nie, is dit gereinig soos ons ook ons lewens moet reinig van sonde.**

Kind: **Hoekom eet ons vanaad *maror* - die bitter kruie?**

Gasheer: **Die *maror* of bitter kruie herinner ons aan die bitterheid en swaarkry van ons voorvaders se lyding as slawe. Ons dink ook aan die gebondenheid aan die sonde waarvan ons bevry is deur die koms van die Messias.**

Kind: **Hoekom gaan ons ons kos twee keer doop?**

Gasheer: **Die pietersielie/seldery/blaarslaai word in soutwater gedoop om ons aan die trane van slawerny te laat dink. Die *matzoh* (ongesuurde brood) word in die *charoset* (soet mengsel) gedoop om die vreugde van bevryding deur God te herdenk. Ons dink daaraan dat God ons trane van smart en sonde in vreugde van verlossing omskep**

Kind: **Hoekom sit of lê ons vanaand gemaklik op kussings?**

Gasheer: **In die ou dae het net vry mense (nie slawe nie) aan tafel op kussings gesit of skuins gelê. God het ons voorvaders van slawerny verlos en ons van ons sondes; daarom is ons ook vry.**

As Christene stel ons vanaand ook 'n vyfde vraag: Hoekom word die middelste brood gebreek? (Stilte) **Die antwoord hierop gaan ons later gee.**

Voorbidder 1 **Daar is tradisioneel vier houdings ten opsigte van verlossing:**
'n Wyse kind vra volledige verduidelikings, sodat hy nóg wyser sal word.

Almal: **Gee jou aandag aan 'n wyse mens, en hy kry meer wysheid, leer 'n regverdige, en sy kennis vermeerder.** (Spreuke 9:9)

Voorbidder 1 **'n Slegte kind sluit homself uit van die vreugde van bevryding.**

Almal: **Die dwaas dink daar is geen God nie.** (Ps.53;2)

Voorbidder 1 **Die oningeligte kind moet onderleg word sodat hy tot geloof in God kan kom.**

Almal: **Wanneer u woord vir mense oopgaan,bring dit lig: dit gee insig aan dié wat nog onervare is.** (Psalm 119:130)

Voorbidder 1 **Die kind wat nog te jonk is en nie weet wát om te vra nie, moet ook die boodskap mondelings ontvang, maar veral deur die voorbeeld wat ons stel met ons lewens**

Almal: **Laat die kindertjies na <u>God</u> toe kom en moet hulle nie verhinder nie.** (Lukas 17:16)

Gasvrou **Die noodsaaklike elemente op die Sederbord kan so verduidelik word:**

1 Die matzoh /ongesuurde brood dui daarop dat alles in haas moes geskied.
2 Die been herinner dat die lam geslag moes word.
3 Die soutwater dui op die Israeliete se trane.

4 Die maror (ui of peperwortel) dui op die bitter bestaan van die Israeliete.
5 Die eier dui op die offers wat in die Tempel gebring moes word, maar is terselfdertyd ook die teken van nuwe lewe.
6 Die charoset dui op die klei waarmee in Egipte gebou is
7 Die karpas (seldery of pietersielie) simboliseer groei en vernuwing

Gasheer: **As simbool van die hisopplant waarmee bloed aan die kosyne gesmeer is as teken van herlewing en vernuwing, en as herdenking dat die Here die eersgeborenes van die Israeliete gespaar het, eet ons nou van die karpas of groen kruie, gedoop in die soutwater (trane). Hierdie simboliese handeling herinner ons ook aan die bloed van die Lam wat vir ons geslag sou word.**

Almal: Eet die karpas gedoop in soutwater.

Gasheer: **Die *matzoh* / ongesuurde brood, word in die *charoset* (soet mengsel) gedoop om die vreugde van bevryding deur God te herdenk. Ons dink daaraan dat God ons trane van smart en sonde in vreugde van verlossing omskep**

Elkeen: Elkeen doen dit en nuttig van die elemente van die sederbord (RACGTZAH).

Elkeen: Maak die tweede glas vol, maar drink dit nog nie.

Gasheer: **'n Vol glas is 'n simbool van vreugde. As ons aan elke plaag en die verwoesting dink wat dit gesaai het, maak ons die hoeveelheid wyn in ons glase minder**.

Almal: Drup wyn uit die tweede glas by die noem van elke plaag .

Gasheer:

1	**Water word bloed**	**2**	**Paddas**
3	**Muggies**	**4**	**Steekvlieë**
5	**Pes onder die vee**	**6**	**Swere**
7	**Hael**	**8**	**Springkane**
9	**Drie dae duisternis**	**10**	**Dood van die eersgeborenes.**

Elkeen: Dink ook aan plae wat die mensdom tans teister: **kanker, vigs, hongersnood, misdaad** (ens)

Voorbidder 1: **Ons loof die Here vir Sy voortdurende voorsiening en verlossing** (Dayenu)**, meer as net van slawerny in Egipte.**
Hy sterf vir ons sondes
Hy gee ons die Ewige Lewe
Hy skenk ons sy Gees
Hy kom weer

Almal:

Lied 197

Wonderbare Koning,
Heerser oor u skepping,
Ons bring U ons lofgesange.
Deur u goedheid Vader,
kan ons tot U nader -
U's ons diepste hartsverlange.
Laat die lied wat ons bied,
opstyg na u woning,
wonderbare Koning!

Loof Hom hemelboë!
Loof Hom berg en dale!
Daar's geen einde aan sy werke.
Loof, my siel, die Here!
Bring Hom dank en ere!
Hy is die onmeetlik' Sterke.
Hef omhoog hart en oog!
Wie kan ooit op aarde,
Heer, U prys na waarde?

Gasheer: **Ons kan nou die glas van bevryding drink.**

Almal: **God bevry ons van die slawerny van sonde en lei ons van duisternis na die lig! Haleluja! Ons loof die Heer!** Ledig die glas.

Lied 245
Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het,
sing dankbaar my verlossingslied.
U weet hoe ek na u verlang het -
u het u guns my aangebied.
Ek loof en prys U deurentyd,
Ek loof en prys U deurentyd,
en roem u groot barmhartigheid,
en roem u groot barmhartigheid.

Gasvrou: **Ons gaan nou die maaltyd bedien** (SCHULCHAN ORECH)

As voorgereg eet ons pietabrood saam met tzaziki (jogurt met 'n kruiemengsel en komkommer) en 'n mengelslaai. Die brood en kruie is 'n voortsetting van die sederbord en die mengelslaai dui op God se oorvloedige verlossingsdade.

As hoofgereg eet ons lamsvleis en groente. Die lamsvleis herinner ons aan die paaslam (ook die Messias) en die groente herinner ons daaraan dat God voorsien.

As nagereg eet ons vrugteslaai, wat aan die oorvloed wat ons deur Gods genade kan ervaar, herinner.

Na die maaltyd

Kinders: Vind die *afikoman* (TZAPHUN), die gebreekte, versteekte brood, en kry 'n beloninkie.

Gasheer: **Die vind van die stukkies brood, wat gebreek is, begrawe is (weggesteek is) en teruggebring is (na die lewe) dui op wat Jesus vir ons gedoen het - sy lyding, sterwe en opstanding. Die kinders kry 'n beloninkie, maar vir dié wat die Here soek en vind, is die beloning die ewige lewe!**

Dit is dan ook die antwoord op die ooglopende vyfde vraag wat die Jode nie tydens die pasga stel nie

Voorbidder 2: Skriflesing uit Jesaja 53: **Wie sal ons glo as ons hiervan vertel? Wie sal die mag van die Here hierin kan raaksien? Die dienaar was soos 'n loot wat voor die Here uitspruit, soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond. Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie. Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie.**
Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.

Gasheer: **Die volgende stap in die sederritueel is van die allergrootste belang vir christene. Jesus het die aand by die avondmaal die brood gebreek en aan sy dissipels gesê: *Neem, eet; dit is my liggaam.***

Elkeen: Eet van die *afikoman*.

Almal: Skink die derde glas, Die Glas van Redding.

Gasheer: **Toe neem Jesus die beker en sê: Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes.**

Almal: **Die Here red ons! Die Here is my redder! Hy vergewe my oortredings en dink nie meer aan my sondes nie.** *(Jer. 31:34). Ledig die glas.*

Gasvrou: Lied 394 as gebed: **O Christus, ons het in u lyding die prys wat liefde vra, gesien; en met verskrikking, maar met blydskap weer eens besef dat liefde dien. U offer laat ons altyd en onvervreembaar U s'n wees. U gee uself dat ons kan lewe – wek ons, en lei ons deur u Gees. Laat Heer, u trou en reg en vrede u liefde deur ons lewe stroom; dan dra ons vrugte van bekering – U kruis is ons lewensboom. Ons dank U. Amen.**

Almal:

Lied 391
Vervul, o Heer, my hart met stille wyding
waar ek herdenk die diepte van u lyding,
hoe U daar aan die kruis vir my gesterf het;
my heil verwerf het.

O Heiland, U't gely vir ons versoening;
by God bring U vir al ons skuld voldoening;
die saligheid is deur u lydensbeker
vir ons verseker.

Voorbidder 2: (BARECH) Lied 406 as gebed. **Ons loof U, Vader, op die troon! U seun het onder ons kom woon. Hy het U beeld aan ons vertoon. U liefde, Heiland, is so groot, U dra ons straf, oorwin die dood en word vir ons die lewensbrood. U het vir ons die weg berei wat na die hemelwoning lei. Daarom aanbid en sing ons bly. Aan U behoort die majesteit, ons roem u krag en heerlikheid en loof u tot in ewigheid. Amen.**

Gasheer: **Die Jode dek 'n plek vir Elia en laat dit oop by die tafel. Hy sal die koms van die Messias aankondig. Ons weet egter dat Johannes die Doper reeds die Messias se koms aangekondig het; daarom dek ons nie 'n addisionele plek nie. Hul maak die deur oop om Elia te laat binnekom, wag tevergeefs en moet die deur dan weer toemaak ... miskien volgende jaar in Jerusalem?**

Almal: HALLEL (lofgesange)

Lied 163

Soos 'n wildsbok wat smag na water,
smag my siel na U, o Heer.
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

U alleen is my bron van krag;
in U teenwoordigheid wil ek wag.
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

Almal: Skink en stel die glas van Lofprysing in: ***Ons loof die Here!*** Ledig die glas.

Lied 334

1
God is Liefde! juig ons harte,
en bedink wat liefde doen:
dat Hy ons sy Seun gestuur het
om ons sonde te versoen.

2
Hy wat eerste liefgehad het,
het in liefde ons vergeef -
nou kan ons, uit God gebore,
uit die bron van liefde leef!

3
Deur sy Gees, die wondergawe,
laat Hy wederliefde spruit;
en dié liefde - wat volmaak is
dryf die vrees en selfsug uit.

4
As die Vader in sy liefde
dan die sondaar maak tot kind;
mag sy Seun al meer gestalte
in ons doen en late vind!

Gasheer: NIRTZAH. **Dit was ons voorreg om saam die paasmaal volgens voorskrifte te vier, en mag dit ook ons voorreg in die toekoms wees. Ons moet hierdie gewoonte voortsit en voortlééf. Ons het rede om fees te vier, want:**

1 Ons kan ons vereenselwig met die Israeliete se dwangarbeid in Egipte en hulle verlossing uit die slawerny;

2 Die verlossing is nie net waar van gebore Jode nie, maar vir elkeen wat Jesus Christus as sy/haar persoonlike Verlosser en Saligmaker aanvaar;

3 Ons is deel van God se verlossingsgenade uit slawerny (die sonde) - om in Jesus Christus na ons eie Kanaan deur sy Kruisdood te gaan.

Almal:

Lied 409 vers 3

Hoor jy die Paasfeesklokke?
Die Heer voer heerskappy.
Hy heers oor alle dinge,
sy bloed het ons bevry.
Ons sal met Jesus opstaan,
die lewenskroon verkry.
Ons hoor die Paasfeesklokke
wat oor die wêreld lui.

Voorbidder 1: Doen 'n gebed vir sendingwerk onder die Jode.